| | |
|---|---|
| VERSLAGWAARDIG | JA/NEE |
| SIRKULEER ONDER REGTERS | JA/NEE |
| SIRKULEER ONDER LANDDROSTE | JA/NEE |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (NOORD-KAAPSE AFDELING)

***KIMBERLEY***

***SAAK NO.: CA&R285/2007***

***DATUM GELEWER:15-06-2007***

In die Appél van:

WHITNEY KOOPMAN APPELLANT

teen

DIE STAAT RESPONDENT

**CORAM: H J LACOCK R et WILLIAMS R:**

# *UITSPRAAK*

**WILLIAMS R:**

1. Die appellant, wat regsverteenwoordig was, is op 26 Mei 2005 in die Streekhof te Douglas skuldig bevind op aanklagte van verkragting, moord en aanranding met die opset om ernstig te beseer. Hy is gevonnis tot onderskeidelik 10 jaar, 15 jaar en 1 jaar gevangenisstraf op die aanklagte. Die verhoorlanddros het verder gelas dat die vonnisse tot so 'n mate saamloop dat die appellant effektiewelik 20 jaar gevangenisstraf uitdien.

2. Die appellant kom nou in hoër beroep teen die skuldigbevindings en vonnisse hom opgelê nadat verlof daartoe deur hierdie Hof op petisie aan hom verleen is.

<u>Die verkragting</u>

3. Die appellant het onskuldig gepleit op hierdie aanklag en het ter pleitverduideliking erken dat hy gemeenskap gehad het met die klaagster, maar dat dit met haar toestemming plaasgevind het.

4. Mev. Anna Koekemoer, die klaagster, se getuienis was dat sy die betrokke nag, om ongeveer 01h30, by haar voordeur gestaan en tee drink het toe sy die appellant verby haar huis sien loop. Na 'n ruk het die appellant teruggekeer en haar gevra om hom te help met sy vrou, Jane, wat in pyn was. Die appellant het vier huise vanaf die klaagster gewoon met sy vrou Jane Koopman, 'n niggie van die klaagster. Mev. Koopman was op daardie stadium swanger.

5. Die klaagster se getuieins was dat sy aan die appellant gesê het dat hy moet teruggaan huis toe terwyl sy haar 16 jarige dogter, Sonia, wakker maak om te gaan help.
Toe die klaagster en Sonia by die appellant se erf ingaan het hy om die hoek van sy huis gekom en vir Sonia gesê om na sy moeder se huis te gaan waar daar 'n persoon was met 'n voertuig en om hierdie persoon te vra om met sy voertuig na

die appellant se huis te kom. Sonia is toe daar weg.

6. Die klaagster is toe die appellant se huis in waarna die appellant die deur agter haar gesluit het. Sy het agtergekom dat Mev. Koopman nie tuis was nie en het onmiddellik vir die appellant gesê dat sy nie met hom sou slaap nie. Appellant het egter 'n mes uitgehaal en haar daarmee gedreig tot op die bed in die slaapkamer, waar hy haar onderklere uitgetrek het en haar verkrag het. Daarna het die appellant aangebied om die klaagster R300, 00 te betaal indien sy vir niemand van die voorval vertel nie. Die klaagster het toe gevra dat die appellant die deur van die huis oopmaak, wat hy wel gedoen het, en sy is toe daar uit.

7. Buitekant die appellant se huis het sy vir Sonia by die hek gekry en die twee is daar weg in die rigting van hul eie huis. By haar huis aangekom het die klaagster se man ook net aangekom nadat hy uit was vir die aand. Die klaagster het hom meegedeel dat die appellant haar verkrag het. Die polisie is daarna ontbied.

8. Gedurende kruisondervraging het die klaagster getuig dat sy dié nag vir Sonia wakker gemaak het om saam te gaan na die appellant se huis omdat *"ek moet vir Sonia wakker maak, want Sonia is my dogter. Ek moet hom wakker maak dat hy kan*

*saam met my gaan, want as ek alleen gegaan het het my man mos nou 'n ander gedagte gekry en dan het hy my mos nou gesê ek vry hoeka met die man, dis hoekom ek alleen na sy huis toe gegaan het. Daarom het ek net gevoel dat ek my kind wakker maak, dat my kind dan saam met my gaan."*

9. Hierdie brokkie getuienis moes na my mening alreeds die rooi ligte laat flikker het by die verhoorhof. Dit strook nie met die klaagster se ontkenning van 'n stelling gemaak deur die appellant se regsverteenwoordiger dat sy 'n jarelange verhouding met die appellant sou gehad het nie. Waarom dan reken die klaagster dat haar optrede verdag sou voorkom vir haar man indien sy slegs die appellant se swanger vrou moes gaan help?

10. Die feit dat die klaagster weer later gedurende kruisondervraging teruggeval het op haar aanvanklike rede vir die saamneem van Sonia – dat sy moes help met die appellant se vrou, word ook nie ondersteun deur die gebeure nie. Sonia is, nog voordat die klaagster haarself kon vergewis van Mev. Koopman se toestand, deur die appellant gestuur om 'n voertuig te gaan kry, klaarblyklik sonder enige beswaar vanaf die klaagster.

11. Sonia Koekemoer het ook getuig. Haar getuienis was dat die

appellant se moeder se huis 'n redelike afstand was vanaf die appellant se woning. In haar eie woorde *". . .'n hele ent van sy huis af. 'n Lang ent van sy huis af na sy ma se huis toe."* Die verdere vraag wat opkom is hoekom die klaagster toegelaat het dat haar 16 jarige dogter, daardie tyd van die nag, so ver alleen loop, sonder dat sy (die klaagster) eers vir Mev. Koopman gesien het. Dit kan net terloops gemeld word dat Sonia vir Mev. Koopman aangetref het by die appellent se moeder se huis en onmiddellik teruggedraai het.

12. Dit blyk ook duidelik uit die klaagster se getuienis dat sy bang was vir haar man. Dat sy gevrees het dat haar man haar sou seermaak indien hy sou agterkom dat sy met die appellant verkeer het. Hierin ontstaan 'n moontlike motief vir 'n valse beskuldiging. Sy het self getuig dat *"Ek was bang vir my man, want hy kon my mos iets gemaak het. Hy kan my doodgemaak het ook."* Dit moet ook hier in ag geneem word dat die klaagster nie enige melding teenoor Sonia, die eerste persoon wat sy ontmoet het, gemaak het oor die verkragting nie, maar eers hierdie rapport gemaak het toe sy haar man buite hul huis raakgeloop het.

13. Die appellant se weergawe aan die anderkant is dat hy die nag verby die klaagster se woning gestap het en haar daar in die deur gesien staan het. Die klaagster, met wie hy oor die jare

heen ‘n verhouding gehad het, het hom geroep en aan hom die plan voorgehou dat sy na die appellant se huis gaan onder voorwendsel dat die appellant se vrou in pyn verkeer. Dit was, volgens die appellant, ook die klaagster se voorstel dat Sonia saam met haar gaan om enige suspisie te vermy en dat sy dan deur die appellant weggestuur word sodat hulle twee ongestoord gemeenskap kan hê.

14. Die verhoorlanddros het, op sterkte van die goeie indruk wat die staatsgetuies op hom gemaak het en sy oordeel van die waarskynlikhede, die appellant se weergawe verwerp as nie redelik moontlik waar nie.

15. Die verhoorlanddros het bevind onder andere, dat die appellant se getuienis oor sy jarelange verhouding met die klaagster aan die einde van die dag neerkom op enkele geleenthede waar hy en klaagster intiem sou verkeer het, dat dit onwaarskynlik is dat die klaagster die betrokke nag reëlings vir die twee se samesyn sou maak oor ‘n afstand van 6 meter (die afstand tussen die deur waar die klaagster gestaan het en waar die appellant in die pad gestaan het) terwyl haar kinders in die huis wakker kon word, dat die klaagster se rede vir die saamneem van Sonia (watter een van die redes hy aanvaar is nie duidelik nie), meer sinvol is as dit van die appellant en dat dit onwaarskynlik is dat indien die klaagster die rendezvous voorgestel het, sy onmiddellik toe sy haar man teëkom aan hom meegedeel het dat sy verkrag is.

16. Dit is so dat ‘n hof van appél nie geredelik met ‘n verhoorhof se feitebevindings sal inmeng nie, slegs wanneer dit van mening is dat die verhoorhof fouteer het. Oor die vraag of daar ‘n feitelike

mistasting begaan is het Davis WnR in *R v Dhlumayo and Another* 1948 (2) SA 677(A) op 706 gesê.

"*10. There may be a misdirection on fact by the trial Judge where the reasons are either on their face unsatisfactory or where the record shows them to be such; there may be such a misdirection also where, though the reasons as far as they go are satisfactory, he is shown to have overlooked other facts or probabilities.*

*11. The appellate court is then at large to disregard his findings on fact, even though based on credibility, in whole or in part according to the nature of the misdirection and the circumstances of the particular case, and so come to its own conclusion on the matter."*"

17. Ek het reeds hierin te paragrawe 8 tot 12 enkele onbevredigende aspekte van die klaagster se getuienis uitgewys. Die verhoorhof het nie met hierdie aspekte gehandel in sy uitspraak nie en nog minder blyk dit het hy dit in aggeneem in sy beoordeling van die waarskynlikhede. Indien die verhoorhof wel hierdie aspekte behoorlik oorweeg het, ook in die lig daarvan dat die klaagster 'n enkelgetuie was ten opsigte van die verkragting en daar boonop geen mediese getuienis voor die hof geplaas is nie, moes die verhoorhof na my mening bevind het dat die staat nie sy saak bo redelike twyfel bewys het nie.

18. Mnr. Cloete, wat namens die staat in die appél opgetree het, het ook uiteindelik toegegee, na aanleiding van die probleme wat ons uitgewys het met die klaagster se weergawe, dat daar

nie gesê kan word dat die appellant se weergawe nie redelik moontlik waar kan wees nie.

Die moord en aanranding met die opset om ernstig te beseer

19. Hierdie aanklagte spruit voort uit ‘n insident tussen die appellant en sy vrou, mev. Jane Koopman ongeveer twee maande na die geboorte van hul dogter, Desiré.

20. Dit is gemeensaak dat Mev. Koopman die betrokke dag, met die baba op haar rug, agter die appellant aangeloop het met die versoek dat hy geld gee vir kos vir hul kinders. Op ‘n stadium het hulle hulle bevind by die huis van ene Lena se ouma. Mev. Koopman het die baba gaan borsvoed in ‘n slaapkamer terwyl die appellant in die sitkamer gesit het met nog ander mense.

21. Mev. Koopman se weergawe vanaf hierdie punt was dat sy, nadat sy die baba gevoed het, met die baba oor haar regterskouer vasgehou, gaan staan het in die deur tussen die kombuis en sitkamer. Sy het weereens met die appellant gepraat oor geld waarop die appellant ‘n klip, die grootte van ‘n tennisbal, na haar gegooi het. Die klip het haar eers teen die regterkant van haar kop getref waarna dit die baba teen die agterkop getref het. Die baba is as gevolg van hoofbeserings oorlede.

22. Mej. Felicity Bosch, een van die mense wat in die huis teenwoordig was met die voorval, het ook in die staat saak getuig en die weergawe van Mev. Koopman beaam.

23. Die appellant se weergawe aan die anderkant was dat hy vir Mev. Koopman genader het toe sy met die baba uit die slaapkamer gekom het met die versoek dat hulle die geskil oor geld by hulle eie huis uitsorteer. Op daardie stadium het Mev. Koopman die baba met haar linkerarm vasgehou. Sy het met haar regterhand ‘n erdebord gegryp en die appellant daarmee teen die kop geslaan. Die appellant het toe ‘n klip, wat langs ‘n blomvaas gestaan het, opgetel en haar daarmee teen haar kop gekap. Die appellant se getuienis was dat Mev. Koopman, na hy haar hierdie hou toegedien het, weggeswaai het en dat die baba se agterkop, in hierdie beweging, met ‘n geweldige slag teen die deurkosyn gekap het.

24. Die mediese getuienis deur die Staat aangebied staaf egter nie een van hierdie weergawes nie.

25. Dr. Japie Bosman, die geneesheer wat die lykskouing op die oorledene uitgevoer het, se getuienis was dat dit onwaarskynlik is dat die oorledene so ‘n erge besering aan die kop sou hê indien die klip eers vir Mev. Koopman getref het. Hy getuig

verder dat dit ook onwaarskynlik is dat die besering opgedoen is in 'n scenario waar die oorledene eerste getref is deur die klip. Sy getuienis in die verband lui as volg:

"Jy weet die agterkop wat pla*t was, is meer soos 'n kind wat op 'n harde vloer val van bo-af val. So dit is onwaarskynlik dat die klip die kind getref het of dat die klip die ma getref het en toe die kind. Dit is debateerbaar. Dit is nie onmoontlik nie, maar dit is onwaarskynlik. Ek dink die eerdere situasie is maar dat die kind van bo-af geval het op sy kop."*

26. Toe die geneesheer gekonfronteer word met die appellant se weergawe, dat die baba se agterkop teen die deurkosyn gekap het, was sy reaksie as volg:

"Not with such force. You know, probably not. also debateable. Not with such force. This is more a direct blow, either by the stone itself then or having fallen – but just turning around hitting – his head is just a bump *or a bruise but not a massive skull fracture where the skull is driven in you know. Not like that no. Probably not. . . . . . " The child either fell or the stone hit the child first."*

27. Op watter basis die geneesheer die appellant se weergawe uitgesluit het as 'n moontlikheid vir die beserings opgedoen deur die oorledene, en dan gedurende kruisondervraging as 'n redelike moontlikheid voorgehou het dat die beserings opgedoen kon word indien die klip die oorledene eerste getref het, iets wat hy aanvanklik gedurende ondervraging in hoof as

onwaarskynlik beskou het, is nie duidelik nie en maak vir my nie sin nie.

28. Hoe dit ookal sy, die verhoorhof het aan die einde van die dag bevind dat *“. . . die enigste logiese afleiding, as hierdie kind nie geval het nie, is dat hierdie klip die kind direk eerste getref het en toe die klaagster getref het.”*

29. Daar is egter geen getuienis waarop die verhoorhof tot so ‘n bevinding kon kom nie. Dit strook nie met die getuienis van een van die ooggetuies nie en word ook nie met oortuiging deur die geneesheer ondersteun nie. Indien aanvaar kan word dat die beserings slegs deur direkte geweld veroorsaak kon word, dan is daar na my mening geen logiese rede waarom die appellant se weergawe nie redelik moontlik waar is nie.

30. Mnr. Cloete gee dit ook so toe en betoog dat die appellant slegs aan strafbare manslag skuldig bevind moes word aangesien hy behoort te voorsien het dat ‘n twee maande oue baba wat midde in die aanranding op Mev. Koopman met die klip verkeer het, noodlottig beseer kon word.

31. Mnr. Rasenthunsa, wat namens die appellant in die verhoor sowel as die appél opgetree het, ondersteun ook so ‘n bevinding. Ek meen die regsverteenwoordigers is korrek dat

die appellant hom skuldig gemaak het aan strafbare mansslag.

32. Wat die aanklag van aanranding met die opset om ernstig te beseer betref, is die appellant op sy eie getuienis skuldig aan die aanranding op Mev. Koopman en is daar ook geen betoeë tot die teendeel gerig nie, ook nie wat betref die vonnis van 1 jaar gevangenisstraf hiervoor opgelê nie.

Vonnis

33. Die appellant was 38 jaar oud ten tye van vonnis. Hy was getroud en het vier kinders gehad om te onderhou. Vir doeleindes van vonnisoplegging is hy 'n eerste oortreder. Hy het ook alreeds twee jaar as gevonnisde in aanhouding deurgebring. Mnr. Cloete het voorgestel dat 'n gepaste vonnis in al die omstandighede van hierdie saak een is van tussen 3 en 5 jaar effektiewe gevangenisstraf. Ons is egter van mening, dat daar in die tragiese omstandighede van hierdie saak, geen rede is waarom die appellant enige verdere tydperk in gevangenis uitdien as wat hy alreeds gedoen het nie.

**Die volgende bevele word gemaak.**

**a) Die skuldigbevinding en vonnis ten opsigte van aanklag 1 (verkragting) word ter syde gestel.**

**b) i) Die skuldigbevinding ten opsigte van aanklag 2**

**(moord) word ter syde gestel en vervang met die volgende *"skuldig aan strafbare manslag"***

**ii) Die vonnis opgelê ten opsigte van aanklag 2 word ter syde gestel en vervang met die volgende;**

***"2 jaar gevangenisstraf"***

**c) Die appél teen die skuldigbevinding en vonnis opgelê ten opsigte van aanklag 3 (aanranding met die opset om te beseer) word van die hand gewys.**

**d) Dit word gelas dat die vonnis ten opsigte van aanklag 3 samelopend uitgedien word met die vonnis hierin opgelê op aanklag 2.**

**e) Dit word verder gelas dat die vonnis terugdateer word tot 26 Mei 2005.**

______________________________

C C WILLIAMS
REGTER

Ek stem saam.

______________________________

H J LACOCK
REGTER

| | |
|---|---|
| Nms. Appellant: | Mnr. Rasethuntsa<br>Regshulpraad |
| Nms. Respondent: | Adv. Cloete<br>Kantoor van die Direkteur van Openbare Vervolgings, Noord-Kaap |
| Datum aangehoor: | 29-05-2007 |